# Hoërskool Transvalia

Tel: (016) 932-1155/6
Fin.Kantoor: (016) 932-1176
Faks: (016) 932-5252
E-pos: valia@hstransvalia.co.za
Webblad: www.hstransvalia.co.za

Posbus 12012
Lumier
1905
H/V Schumann en Bach str.
Vanderbijlpark S.W. 5

## Uitnodiging na Hoërskool Transvalia se Inligtingsaand 10 MEI 2017

**Program:**
**16:00 tot 17:30: Hulp met aanlyn registrasie**
**18:00: Inligtingsessie in die Saal**

Voornemende graad 8-ouer

Tyd om Hoërskool toe te gaan! U as ouers moet 'n belangrike en moeilike keuse maak. Waarheen? Watter Hoërskool sal vir my kind die beste wees?

Afgesien van ons  uitstekende prestasies op sport- en kulturele gebied, is ons veral trots op ons puik akademiese rekord. Jaar na jaar lewer Hoërskool Transvalia die beste matriekuitslae in die Vaaldriehoek met die hoogste universiteitsvrystelling- en onderskeidingsyfers.

Die skool is beslis die voorloper van uitnemendheid in die Vaal.

U het moontlik reeds verneem van die AANLYN AANSOEKPROSES vir 2018 en ouers se eerste reaksie is paniekerigheid. Wees gerus: Valia kom tot u redding om die aansoekproses seepglad te laat verloop. Hierdie riglyne is vanaf die Departement ontvang - ons probeer net om dit op 'n praktiese wyse vir u deur te gee. (Blaai om vir 1ste stap tot registrasie). Ons het op die stadium nie toegang tot die stelsel om dit te toets nie. Ons sal, indien nodig, die dokument aanpas en dit op ons webtuiste vertoon onder "INSKRYWINGS VIR 2018".

BELANGRIK: TEN EINDE 'N SUKSESVOLLE AANLYN AANSOEK IN TE DIEN, MOET U STAP 1, STAP 2 EN STAP 3 VOLG. U AANSOEK IS EERS VOLTOOI EN OP DIE STELSEL WANNEER U DIE "APPLY"-KNOPPIE GEDRUK EN 'N SMS MET 'N VERWYSINGSNOMMER ONTVANG HET. U AANSOEKVORM MOET OOK ASB. MET AL DIE NODIGE DOKUMENTASIE INGEGEE WORD.

U KAN EGTER OOK DIE AANLYN REGISTRASIE PROSES HEELTEMAL AAN ONS OORLAAT DEUR SLEGS DIE AANSOEKVORM IN TE VUL EN BY DIE SKOOL IN TE HANDIG.

Ons sal op die Inligtingsaand al die stappe aan u verduidelik en u geleentheid gee om vanaf 16:00 by die skool met hulp van hulpvaardige personeel, die proses te voltooi.

Vir verdere inligting en navrae, moet u beslis Hoërskool Transvalia se Inligtingsaand op Woensdag, 10 Mei 2017 bywoon of die skool vir enige navrae skakel.

**NB! Daar is Busvervoer en Sportbusse vanaf Meyerton, Vereeniging, Vanderbijlpark en Sasolburg.**

Kom word deel van "Die skool waar almal wil wees"!

Hoërskool Transvalia – die sleutel tot sukses!!
Valia – groete

Mnr Poena van Dyk
Direkteur: Bemarking
082 921 1697

MNR JR VENSKE
HOOF

**INSKRYWINGS VIR 2018 HOEF NIE ‘N KOPSEER TE WEES NIE: MAAK SO OM ‘N VALIA TE WORD**

**STAP 1, 2 en 3: Vanaf 2 Mei 2017 omstreeks 8:00 moet u AANLYN REGISTREER**

(u kan dit op u slimfoon of tablet of rekenaar doen - het internettoegang nodig)

- Besoek die webtuiste: www.gdeadmissions.gov.za
- Kliek op "Apply for 2018"
- Kliek nou op "Language" en kies taal van u keuse.
- **STAP 1 “Register as parent/guardian”:** tik u Suid-Afrikaanse ID-nommer in, naam, van, geslag, huis adres, werk adres en selfoonnommer. (NB! U selfoonnommer is verpligtend omrede dit as primêre kommunikasiemiddel gebruik gaan word)
- ‘n Gebruikersnaam (Username) en Wagwoord (Password) moet geskep word en die besonderhede sal dan per sms aan u gestuur word sodra stap 1 voltooi is. (NB! Die ikoon bo aan die blad sal van rooi na groen verander as alles korrek voltooi is)
- **STAP 2 “Register Learner”:** tik u kind se ID nommer, geboortedatum, naam, van, geslag, huistaal, ras en adres in en klik dan “submit” om stap 2 te voltooi. (NB! Die ikoon bo aan die blad vir stap 2 sal van rooi na groen verander as alles korrek voltooi is)
- **STAP 3 “Apply to school”:** kies u kind wat u geregistreer het, kies die graad (Gr. 8), kies die taal van onderrig, kies die adres, kies die skool (Hoërskool Transvalia). (NB! Daar is 6 opsies naamlik Home address, Work address, School of specialisation, Technical Schools, School where there is a sibling en school of choice – As u huis- of werksadres nie in die skool se direkte voedingsarea is nie, moenie bekommer nie, kies school of choice, u sal dan ‘n waiting List B nommer ontvang, maar volgens die skool se kriteria sal u op ons aansoek alreeds aanvaar wees omrede ons die kapasiteit het om waglys A en B kandidate te kan akkommodeer.
- Indien u ‘n WAB-nommer ontvang (System couldn’t suggest schools) moet u net seker gaan maak dat u adres korrek is volgens Google Maps, want dit is die geografiese stelsel wat die sisteem gebruik
- Klik “Apply” en dan is u kind se aansoek suksesvol. (NB! Die ikoon bo aan die blad vir stap 3 sal van rooi na groen verander as alles korrek voltooi is)
- U sal dan ‘n WA-, WAB- of WB-nommer ontvang en ‘n boodskap wat u herinner om binne 7 dae na die aansoek die volgende dokumente saam met u aansoekvorm na die skool toe te bring: Afskrifte van Geboortesertifikaat, Bewys van verblyf, Nuutste/Jongste Rapport en Ouers se ID.

***Hoërskool Transvalia se personeel sal u bystaan met die aanlyn aansoek, indien u nie regkom nie. Ons sal vanaf 16:00 op die 10de Mei beskikbaar wees om u te help met die proses sowel as na die verrigtinge in die saal.***
***BELANGRIK: U HOEF NIE VOORAF TE REGISTREER NIE, ONS SAL U HELP MET AL DIE STAPPE EN DAN BREEDVOERIG AAN U VERDUIDELIK OP DIE INLIGTINGSAAND SO MOET DIT NIE MIS NIE.***
***DIE SKOOL MAG EN KAN OOK NAMENS U REGISTREER EN DIE AANSOEK INDIEN.***

